# Pinocchio projek - aflewering
# 01 Okt 2025



**Vervolg van vorige jare se betrokkenheid!!:**

**Een van Rietvallei se Omgee projekte vir 2025 is steeds bekend as die Pinocchio projek. Die versoek is dat lede enigiets, nie net breiwerk en kinderklere, kon inhandig wat kinders tussen die ouderdomme 2 maande en ouer benodig.**

**Pinocchio Kleuterskool is in Daspoort geleë en dit lewer ook voorskoolse diens aan die gemeenskap se kinders uit hoofsaaklik arm ouerhuise. Die projek is nogsteeds verder uitgebrei aangesien daar ook behoefte by die ouers, boeties en sussies van die kindertjies is en sodoende word volwasse klere ens. ook aan die kleuterskool geskenk waar toepaslik vir uitdeel.**

**Die aflewering van hoofsaaklik volwasse klerasie en ‘n mat was seer sekerlik ook weereens nog een van ons vele suksesse vir Rietvallei.**

**Die onderstaande boodskap vanaf die kleuterskool is ontvang:**

***“Goeie middag Tjaart***

***Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om elkeen wat 'n skenking gegee het uit ons harte te bedank vir die skenking van klere en die mat, asook Tjaart, dankie vir die lekker "sugar balls" wat jy gekoop het vir ons kindertjies dit word opreg waardeer en geniet.***

***Julle maak 'n groot verskil in baie mense en kindertjies se lewens; julle is sterre. Mag u almal geseën word met gesondheid en geluk.***

***Pinocchio groete***

***Michéle Visagie”***

**So, baie dankie aan ieder en elkeen wat vrywillig en ywerig met hierdie spesiale projek betrokke was, veral aan De Meerpaal Aftreeoord vir hul bydrae.**

**Groete**
**Tjaart**
**nms Julle.**

# Pinocchio projek - aflewering
# 01 Okt 2025

**Hier volg 'n paar fotobeelde waar Johan en Erna la Grange help met die oorhandiging – Michéle neem die items in ontvangs:**




